- indien u 'n bloedklont in 'n bloedvat in u bene (diep veneuse trombose, DVT), u longe (pulmonale embolus, PE) of ander organe het (of ooit gehad het)
- indien u bewus is dat u 'n afwyking het wat u bloedklontvorming beïnvloed - byvoorbeeld proteïen C-tekort, proteïen S-tekort, antitrombien-III tekort, faktor V Leiden of antifosfolipied-teenliggaampies
- indien u 'n operasie moet ondergaan of indien u vir 'n lang tyd nie op u voete gaan wees nie (sien afdeling 'Bloedklonte')
- indien u ooit 'n hartaanval of beroerte gehad het
- indien u angina pectoris ('n toestand wat erge borspyn veroorsaak en die eerste tekens van 'n hartaanval kan wees) of tydelike iskemiese aanval (TIA – tydelike beroerte simptome) het (of ooit gehad het)
- indien u enige van die volgende siektes het, wat die risiko van 'n bloedklont in die are verhoog:
  - ernstige diabetes met bloedvatskade
  - baie hoë bloeddruk
  - 'n baie hoë vlak van vet in die bloed (cholesterol of trigliseriede)
  - 'n toestand bekend indien hiperhomosisteïnemie
- indien u 'n tipe migraine naamlik 'migraine met aura' het (of ooit gehad het)
- indien u 'n gewas in die lewer (kwaadaardig of nie-kwaadaardig) het (of ooit gehad het)
- indien u 'n lewersiekte het (of ooit gehad het) en u lewerfunksie is steeds nie normaal nie
- indien u niere nie goed werk nie (nierversaking)
- indien u borskanker het (of ooit gehad het), of vermoed dat u borskanker of kanker van die geslagsorgane het
- indien u enige onverklaarbare bloeding vanuit die vagina het

Indien enige van hierdie toestande vir die eerste keer opduik tydens gebruik van DROVELIS, staak gebruik onmiddellik en lig u dokter in. Gebruik intussen 'n nie-hormonale voorbehoedingsmetode. Sien ook 'Algemene notas' in afdeling 2 hierbo.

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls
Raadpleeg u dokter of apteker voordat u DROVELIS gebruik.

Wanneer moet u dokter gekontak word?

Kry dringend mediese sorg

- indien u moontlike tekens van 'n bloedklont opmerk wat kan beteken dat u 'n bloedklont in die been (d.i. diep veneuse trombose), 'n bloedklont in die long (d.i. pulmonale embolisme), 'n hartaanval of beroerte het (sien 'Bloedklonte' afdeling hieronder).

Vir 'n beskrywing van die simptome van hierdie ernstige newe-effekte, gaan lees asseblief 'Hoe om 'n bloedklont uit te ken'.

Lig u dokter in indien enige van die volgende toestande op u van toepassing is
U moet u dokter inlig indien dié toestand ontwikkel of vererger tydens gebruik van DROVELIS:

- indien 'n nabye familielid borskanker het, of ooit gehad het

- indien u oorerflike angio-edeem het. Medisynes wat estrogene bevat kan simptome van angio-edeem veroorsaak of vererger. Besoek u dokter onmiddellik indien u simptome van angio-edeem ervaar, soos geswelde gesig, tong en/of keel en/of moeite om te sluk of galbulte, saam met moeite om asem te haal.
- indien u lewersiekte of galblaassiekte het
- indien u diabetes het
- indien u depressie het
- indien u epilepsie het (sien afdeling 2 'Ander medisyne en DROVELIS')
- indien u Crohn se siekte of ulseratiewe kolitis (chroniese inflammatoriese dermsiekte) het
- indien u sistemiese lupus eritematose (SLE – 'n siekte wat u natuurlike verdedigingstelsel beïnvloed) het
- indien u hemolitiese uremiese sindroom (HUS – 'n versteuring van bloedklontvorming wat nierversaking veroorsaak) het
- indien u sekelsel-anemie ('n oorerflike siekte van die rooi bloedselle)
- indien u verhoogde vlakke van vet in u bloed (hipertrigliseriedemie) of 'n positiewe geskiedenis van hierdie toestand in u familie het. Hipertrigliseriedemie is met 'n verhoogde risiko vir die ontwikkeling van pankreatitis (inflammasie van die pankreas) verbind
- indien u 'n operasie moet ondergaan of indien u vir 'n lang tydperk nie op u voete gaan wees nie (sien afdeling 2 'Bloedklonte')
- indien u onlangs 'n bevalling gehad het, het u 'n verhoogde risiko vir bloedklontvorming. U moet u dokter vra hoe gou na u bevalling gehad het, u kan begin om DROVELIS gebruik
- indien u inflammasie in die are onder die vel (oppervlakkige tromboflebitis) het
- indien u spatare het
- indien u chloasma ('n verkleuring van die vel, veral van die gesig en nek, bekend as 'swangerskapkolle') het, of ooit gehad het. In hierdie geval moet u direkte blootstelling aan sonlig of ultravioletstrale vermy
- indien u 'n siekte het wat vir die eerste keer tydens swangerskap of vroeëre gebruik van geslagshormone verskyn (byvoorbeeld, gehoorverlies, 'n bloedsiekte wat porfirie genoem word, veluitslag met blase tydens swangerskap [swangerskap-herpes], 'n senuweesiekte wat skielike beweging van die liggaam veroorsaak [Sydenham se chorea])

BLOEDKLONTE

Die gebruik van 'n saamgestelde hormonale voorbehoedmiddel soos DROVELIS verhoog u risiko om 'n bloedklont te ontwikkel, in vergelyking met die nie-gebruik daarvan. In skaars gevalle kan 'n bloedklont are blok en ernstige probleme veroorsaak.

Bloedklonte kan ontwikkel

- in are (waarna verwys word as 'veneuse trombose', 'veneuse trombo-embolus' of VTE)
- in die slagare (waarna verwys word as 'slagaar-trombose', slagaar-trombo-embolus' of STE).

Herstel van bloedklonte is nie altyd volledig nie. In skaars gevalle kan daar ernstige blywende gevolge voorkom, of in baie skaars gevalle kan dit dodelik wees.

Dit is belangrik om te onthou dat die algehele risiko van 'n skadelike bloedklont as gevolg van DROVELIS klein is.

HOE OM 'N BLOEDKLONT UIT TE KEN

Kry dringende mediese aandag indien u enige van die volgende tekens of simptome opmerk.

PASIËNT INLIGTINGSBILJET

Ervaar u enige van hierdie tekens?	**Waaraan ly u moontlik?**
• swelling van een been of teen 'n aar in die been of voet, veral wanneer dit met die volgende gepaard gaan: – pyn of teerheid in die been wat net gevoel kan word indien u staan of loop – verhoogde temperatuur in die aangetaste been – verandering van kleur van die vel op die been, bv. dit word bleek, rooi of blou	Diep veneuse trombose
• skielike onverklaarbare asemnood of vinnige asemhaling • skielike hoes sonder 'n merkbare oorsaak, wat met uithoes van bloed gepaard kan gaan • skerp borspyn wat met diep asemhaling kan vererger • erge lighoofdigheid of duiseligheid • vinnige of ongereelde hartklop • erge maagpyn Indien u onseker is, raadpleeg 'n dokter, aangesien hierdie simptome soos hoes of kortasem verwar kan word met 'n minder ernstige toestand soos 'n lugweginfeksie (bv. 'n "verkoue").	Pulmonale embolus
Simptome wat meestal in een oog voorkom: • onmiddellike verlies van sig of pynlose versteuring van visie, wat kan vererger tot verlies van sig	Retinale veneuse trombose (bloedklont in die oog)
• borspyn, ongemak, druk, swaar gevoel • sensasie van drukking of volheid in die bors, arm of onder die borsbeen • volheid, slegte spysvertering of gevoel van verstikking • ongemak in die bolyf wat na die rug, kakebeen, keel, arm of maag uitsprei • sweet, naarheid, braking of duiseligheid • uitermatige swakheid, angs, of kortasem • vinnige of ongereelde hartklop	Hartaanval

• skielike swakheid of gevoelloosheid van die gesig, arm of been, veral aan een kant van die liggaam • skielike verwarring, moeite om te praat of te verstaan • skielike probleme om te sien met een of albei oë • skielike probleme om te loop, duiseligheid, verlies van balans of koördinasie • skielike, erge of voortdurende hoofpyn met geen merkbare oorsaak • verlies van bewussyn of foute met of sonder stuipe Soms kan die simptome van beroerte kortstondig wees met bykans onmiddellike en volkome herstel, maar u moet steeds dringend mediese hulp soek, aangesien u 'n risiko het om nog 'n beroerte te kry.	Beroerte
• swelling en effense blou verkleuring van 'n ledemaat	Bloedklonte wat ander are blokkeer

BLOEDKLONTE IN 'N AAR

Wat kan gebeur indien 'n bloedklont in 'n aar vorm?

- Die gebruik van saamgestelde hormonale voorbehoedmiddels is met 'n verhoogde risiko van bloedklonte in die aar (veneuse trombose) verbind. Nieteenstaande is hierdie newe-effekte skaars. Dit kom meestal in die eerste jaar van gebruik van saamgestelde hormonale voorbehoedmiddels voor.
- Indien 'n bloedklont in 'n aar in die been of voet vorm, kan dit diep veneuse trombose (DVT) veroorsaak.
- Indien 'n bloedklont van die been tot in die long beweeg en daar vassit, kan dit 'n pulmonale embolus veroorsaak.
- 'n Bloedklont kan baie selde in 'n ander orgaan vorm, soos die oog (retinale veneuse trombose).

Wanneer is die risiko om 'n bloedklont in 'n aar te ontwikkel die hoogste?

Die risiko vir 'n bloedklont om in 'n aar te vorm is die hoogste gedurende die eerste jaar van die eerste gebruik van saamgestelde hormonale voorbehoedmiddels. Die risiko kan ook verhoog word indien u weer begin om 'n saamgestelde hormonale voorbehoedmiddel (dieselfde of 'n ander medisyne), na 'n onderbreking van 4 weke of meer, te gebruik.

Na die eerste jaar word die risiko kleiner, maar is altyd effens hoër as wanneer u nie 'n saamgestelde hormonale voorbehoedmiddel gebruik het nie.

Wanneer u gebruik van DROVELIS staak, keer u risiko vir 'n bloedklont binne 'n paar weke terug na normaal.

Wat is die risiko om 'n bloedklont te ontwikkel?

Die risiko hang van u natuurlike risiko van VTE en die tipe saamgestelde hormonale voorbehoedmiddel wat u gebruik, af.

Die algehele risiko van 'n bloedklont in die been of long (DVT of PE) met DROVELIS is klein.

- Uit 10 000 vroue wie nie saamgestelde hormonale voorbehoedmiddels gebruik en nie swanger is nie, sal ongeveer 2 vroue binne 'n jaar 'n bloedklont ontwikkel.
- Uit 10 000 wie 'n saamgestelde hormonale voorbehoedmiddel wat 'n lae dosis

etinielestradiool (< 50 µg etinielestradiool) saam met levonorgestrel, noretisteroon of norgestimaat gebruik, sal ongeveer 5 – 7 vroue 'n bloedklont binne 'n jaar ontwikkel.
- Dit is nog onbekend hoe die risiko van 'n bloedklont met DROVELIS vergelyk met die risiko van 'n saamgestelde hormonale voorbehoedmiddel wat levonorgestrel bevat nie.
- Die risiko om 'n bloedklont te ontwikkel sal verskil volgens u persoonlike mediese geskiedenis (sien 'Faktore wat u risiko van 'n bloedklont verhoog' hieronder).

	Risiko om 'n bloedklont binne 'n jaar te ontwikkel
Vroue wie **nie** 'n saamgestelde hormonale pil/plakker/ring **gebruik** en nie swanger is nie	Ongeveer 2 uit 10 000 vroue
Vroue wie 'n saamgestelde hormonale voorbehoedpil gebruik wat 'n lae dosis etinielestradiool bevat (< 50 mikrogram etinielestradiool) saam met levonorgestrel, noretisteroon of norgestimaat	Ongeveer 5 – 7 uit 10 000 vroue
Vroue wie DROVELIS gebruik	Nog nie bekend nie

Faktore wat u risiko vir 'n bloedklont in 'n aar verhoog
Die risiko van 'n bloedklont met DROVELIS is klein maar sommige toestande sal die risiko verhoog. U risiko is hoër:
- indien u baie oorgewig is (liggaamsmassa indeks of LMI oor 30 kg/m^2)
- indien een van u onmiddellike familie 'n bloedklont in die been, long of ander orgaan op 'n jong ouderdom (bv. onder die ouderdom van 50 jaar) gehad het. In hierdie geval kan u 'n oordraagbare bloedstollings-versteuring hê
- indien u 'n operasie moet ondergaan, of u is lank nie op u voete nie as gevolg van 'n besering of siekte, of u been is in gips. Die gebruik van DROVELIS mag verskeie weke voor sjirurgie of terwyl u minder beweeglik is, gestaak moet word. Indien u gebruik van DROVELIS moet staak, vra u dokter wanneer u dit weer kan begin gebruik.
- indien u ouer word (veral bo ongeveer 35 jare)
- indien u minder as 'n paar weke gelede gekraam het.

Hoe meer toestande u het, hoe hoër die risiko om 'n bloedklont te ontwikkel.

Lugvervoer (> 4 ure) kan u risiko vir 'n bloedklont tydelik verhoog, veral indien u sommige van die ander genoemde faktore het.

Dit is belangrik om u dokter in te lig indien enige van hierdie toestande op u van toepassing is, al is u onseker. U dokter mag besluit dat die gebruik van DROVELIS gestaak moet word.

Indien enige van die bogenoemde toestande verander terwyl u DROVELIS gebruik, byvoorbeeld 'n nabye familielid ervaar 'n trombose vir geen merkbare rede nie; of u tel baie gewig op, lig u dokter in.

BLOEDKLONTE IN 'N SLAGAAR
Wat kan gebeur indien 'n bloedklont in 'n slagaar vorm?
'n Bloedklont in 'n slagaar kan, net soos 'n bloedklont in 'n aar, ernstige probleme veroorsaak. Dit kan byvoorbeeld 'n hartaanval of beroerte veroorsaak.

Faktore wat u risiko vir 'n bloedklont in 'n slagaar verhoog
Dit is belangrik om op te let dat die risiko van 'n hartaanval of beroerte met gebruik van DROVELIS baie klein is maar kan verhoog:

- met gevorderde ouderdom (ouer as ongeveer 35 jaar)
- **indien u rook**. U word aangeraai om op te hou rook indien u ’n saamgestelde hormonale voorbehoedmiddel soos DROVELIS gebruik. Indien u nie kan ophou rook nie en u is ouer as 35 jaar kan u dokter aanbeveel dat u ’n ander voorbehoedmiddel gebruik
- indien u oorgewig is
- indien u hoë bloeddruk het
- indien ’n lid van u onmiddellike familie ’n hartaanval of beroerte op ’n jong ouderdom (jonger as 50 jaar oud) gehad het. In hierdie geval kan u ook ’n hoër risiko vir ’n hartaanval of beroerte hê
- indien u, of iemand in u onmiddellike familie, ’n hoë vlak van vet in die bloed het (cholesterol of trigliseriede) het
- indien u migraine, veral migraine met aura, kry
- indien u ’n probleem met u hart het (klepversteuring, versteuring van die ritme wat atriale fibrillasie genoem word)
- indien u diabetes het.

Indien u meer as een van hierdie toestande het of indien enige van hulle besonder erg is, kan die risiko om ’n bloedklont te onwikkel verhoog.

Lig u dokter in indien enige van die bogenoemde toestande verander terwyl u DROVELIS gebruik, byvoorbeeld indien u begin rook, ’n nabye familielid ’n trombose vir geen merkbare rede ervaar; of u tel baie gewig op.

Kanker
Borskanker is effens meer gereeld opgemerk by vroue wat saamgestelde pille gebruik, maar dit is nie bekend of dit deur die behandeling veroorsaak word nie. Dit kan byvoorbeeld wees dat gewasse meer opgemerk word by vroue op saamgestelde pille, omdat hulle meer dikwels deur hulle dokters ondersoek word. Na staking van die saamgestelde pil verminder die risiko geleidelik. Dit is belangrik om u borste gereeld te ondersoek en u moet u dokter kontak indien u enige knop voel. U moet ook u dokter inlig indien ’n nabye familielid borskanker het of ooit gehad het (sien afdeling 2 ‘Waarskuwings en voorsorgmaatreëls’).

In seldsame gevalle is nie-kwaadaardige (nie-kankeragtige) lewergewasse by pilgebruikers aangemeld, en in nog minder gevalle, kwaadaardige (kankeragtige) lewergewasse. Kontak u dokter indien u buitengewone erge abdominale pyn ervaar.

Servikskanker word veroorsaak word deur ’n infeksie met die menslike papilloom virus (MPV). Dit word meer dikwels aangemeld by vroue wat die pil vir meer indien 5 jaar gebruik. Dit is onbekend of hierdie gevolgtrekking aan die gebruik van hormonale voorbehoedmiddels toegeskryf kan word, of aan ander faktore, soos ’n verandering in seksuele gedrag.

Psigiatriese versteurings
Sommige vroue wat hormonale voorbehoedmiddels, insluitende DROVELIS gebruik, het depressie of depressiewe buie aangemeld. Depressie kan baie ernstig wees en kan somtyds tot selfdoodgedagtes lei. Indien u gemoedsveranderinge en depressiewe simptome ervaar, kontak u dokter so gou as moontlik vir verdere mediese advies.

Bloeding tussen menstruasie
U menstruasie sal gewoonlik begin terwyl u die wit plasebo tablette in die DROVELIS-pak gebruik.

U kan onverwagte bloeding (bloeding wat nie gedurende die plasebo dae voorkom nie) tydens die eerste paar maande van gebruik van DROVELIS ervaar. Hierdie bloeding is meestal lig en het gewoonlik nie sanitêre beskerming nodig nie. Indien hierdie bloeding vir langer as ’n paar maande aanhou, of indien dit na ’n paar maande begin, moet u dokter vasstel wat

verkeerd is.

Wat u moet doen indien geen bloeding tydens plasebo dae voorkom nie
Indien u al die pienk tablette korrek gebruik het, nie braking of erge diarree gehad het nie en u nie ander medikasie te gebruik nie, is dit hoogs onwaarskynlik dat u swanger is. Hou aan om DROVELIS soos gewoonlik te gebruik.

Indien die verwagte bloeding twee keer in ’n ry nie gebeur nie, kan u swanger wees. Kontak u dokter onmiddellik. Begin slegs met die volgende stulpstrokie indien u seker is u is nie swanger nie.

Kinders en adolessente
DROVELIS word slegs aanbeveel na eerste maandstonde (die eerste menstruasie). Geen data oor die doeltreffendheid en veiligheid is beskikbaar vir adolessente onder 16 jaar oud nie.

Ander medisyne en DROVELIS
Lig altyd u gesondheidsorgverskaffer in indien u enige ander medisyne gebruik. (Dit sluit alle komplementêre en tradisionele medisynes in.).

Lig ook enige ander dokter of tandarts in, wat ander medisyne voorskryf (of die apteker), dat u DROVELIS gebruik. Hulle sal u kan sê of dit nodig is om bykomende voorbehoedingsmaatreëls (bv. gebruik van kondome) te gebruik, en indien wel, vir hoe lank, of indien die gebruik van ’n ander medisyne verander moet word.

Sommige medisynes kan ’n invloed op die bloedvlakke van DROVELIS hê en dit minder doeltreffend maak om swangerskap te voorkom, of kan onverwagte bloeding veroorsaak. Dit sluit medisyne vir die behandeling van die volgende in:
- epilepsie (e.g. barbiturate, karbamasepien, fenitoïen, primidoon, felbamaat, okskarbasepien, topiramaat)
- tuberkulose (bv. rifampisien)
- MIV en hepatitis C virus (HCV)-infeksies (bv. sogenaamde protease inhibeerders en nie-nukleosied omgekeerde transkriptase inhibeerders soos ritonavir, nevirapien, efavirens)
- swaminfeksies (bv. griseofulvien)
- hoë bloeddruk in die bloedvate in die longe (bv. bosentan)

Die kruieproduk “St. John’s wort” (*Hypericum perforatum*) kan ook die effektiewe werking van DROVELIS stop. U moet eers u dokter raadpleeg indien u kruieprodukte wil gebruik wat “St. John’s wort” bevat terwyl u alreeds DROVELIS.

Indien u hierdie medisyne of kruieprodukte gebruik, wat DROVELIS minder doeltreffend kan maak, moet ’n versperring-voorbehoedingsmetode ook gebruik word. Die versperringsmetode moet die hele tyd tydens gebruik van die gelyktydige medisyne terapie en vir 28 dae na staking van die terapie gebruik word. Indien die gelyktydige medisyne terapie vir langer as die einde van die pienk aktiewe tablette in die huidige pak duur, moet die wit plasebo tablette weggegooi word en die volgende pak DROVELIS moet onmiddellik begin word.

Indien langtermyn behandeling met die bogenoemde medisyne nodig is, moet u ’n nie-hormonale voorbehoedingsmetode gebruik. Vra u dokter of apteker vir advies.

DROVELIS kan die doeltreffendheid van ander medisynes beïnvloed, bv.:
- siklosporien (medisyne wat vir die behandeling of onderdrukking van weefsel-verwerping na oorplanting-sjirurgie gebruik word)
- lamotrigien (medisyne wat vir die behandeling van epilepsie gebruik word).

By vroue wat KHKs wat etinielestradiool bevat gebruik, kan die HCV kombinasie terapeutiese regimen ombitasvir/paritaprevir/ritonavir en dasabuvir, met of sonder ribavirin, glecaprevir/pibrentasvir of sofosbuvir/velpatasvir/voksilaprevir, verhoging in lewerfunksie bloedtoets-uitslae (verhoging in ALT-lewerensiem) veroorsaak. DROVELIS bevat estetrol in plaas van etinielestradiool. Dit is nie bekend of 'n verhoging in ALT-lewerensiem tydens gebruik van DROVELIS saam met hierdie HCV kombinasie terapeutiese regimen kan voorkom nie. U dokter sal u inlig.

Vra u dokter of apteker vir advies voordat u enige medisyne gebruik.

Laboratoriumtoetse
Lig u dokter in dat u DROVELIS gebruik indien u bloed- of urientoetse laat doen, aangesien die gebruik van DROVELIS die uitslae van sommige toetse kan beïnvloed.

DROVELIS met kos en drank
DROVELIS kan met of sonder kos geneem word, indien nodig met 'n klein hoeveelheid water.

Swangerskap en borsvoeding
DROVELIS moenie deur vroue wat swanger is, of wat dink hulle kan swanger wees, gebruik word nie. Indien u swanger raak terwyl u DROVELIS gebruik moet u die gebruik van DROVELIS onmiddellik staak en u dokter kontak.

Indien u swanger wil raak kan u die gebruik van DROVELIS enige tyd staak (sien afdeling 3 'Indien u die gebruik van DROVELIS staak').

DROVELIS word nie aanbeveel tydens borsvoeding nie. U moet u dokter kontak indien u verkies om die tablette tydens borsvoeding te gebruik.

Bestuur en hantering van masjinerie
DROVELIS kan newe-effekte veroorsaak, soos duiseligheid, verswakte sig, versteurde visie of uitputting. Moenie 'n voertuig bestuur of masjinerie hanteer, of enigiets anders doen wat u aandag nodig het totdat u weet hoe DROVELIS u beïnvloed nie.

DROVELIS bevat laktose en natrium
Kontak u dokter indien hy u ingelig het dat u 'n onverdraagsaamheid vir sommige suikers het voordat u begin om DROVELIS te gebruik.

Die pienk aktiewe tablette bevat minder indien 1 mmol natrium (23 mg) per tablet, dit is so te sê essensieel 'natrium-vry'.

3. Hoe om DROVELIS te gebruik

Moenie medisynes wat aan u voorgeskryf is met enige ander persoon deel nie.
Gebruik DROVELIS altyd presies soos dit in hierdie voubiljet of deur u dokter of apteker voorgeskryf is. Raadpleeg u dokter of apteker indien u onseker is.

Vertel u dokter of apteker indien u die indruk kry dat die uitwerking van of DROVELIS te sterk of te swak is.

Wanneer en hoe om die tablette te gebruik
Die DROVELIS stulpstrook bevat 28 film-bedekte tablette: 24 pienk aktiewe tablette met die aktiewe bestanddele (nommer 1 – 24) en 4 wit plasebo tablette sonder aktiewe bestanddele (nommer 25 – 28).

Neem die nommer 1 pienk tablet elke keer wanneer u 'n nuwe stulpstrook van DROVELIS begin gebruik (sien 'Begin').

Kies vanuit die 7 weeksdag-plakkers die plakker wat ooreenstem met u aanvangsdag. By voorbeeld, indien u op ’n Woensdag begin, gebruik die plakker wat met ‘Wo’ begin. Plaas dit in die raampie op die voorkant van die stulpstrook-kaart op die “→” simbool. Elke dag sal in lyn wees met ’n ry pille. Dit stel u in staat om te verseker dat u daaglikse tablet geneem is.

Neem een tablet elke dag ongeveer dieselfde tyd, met ’n bietjie water, indien nodig.

Volg die rigting van die pyltjies op die stulpstrook, neem dus eers die pienk aktiewe tablette en dan die wit plasebo tablette.

U sal begin menstrueer tydens die 4 dae wat u die wit plasebo tablette neem (sogenaamde onttrekking-bloeding). Dit sal gewoonlik begin 2 tot 3 dae ná die inname van die laaste pienk tablet, en kan moontlike nog nie opgeklaar wees voordat die volgende stulpstrook begin word nie.

Begin gebruik van u volgende stulpstrook onmiddellik na die laaste wit plasebo tablet selfs al is u menstruasie nog nie klaar nie. Dit beteken dat u altyd ’n nuwe stulpstrook op dieselfde dag van die week sal begin, en ook dat u op min of meer dieselfde dag van elke maand sal begin menstrueer.

Sommige gebruikers mag nie elke maand tydens die inname van die wit plasebo tablette menstrueer nie. Indien u DROVELIS elke dag volgens hierdie instruksies gebruik het, is dit onwaarskynlik dat u swanger is.

Begin van u eerste pak DROVELIS
Indien u nie ’n voorbehoedmiddel met hormone in die vorige maand gebruik het nie
Begin met DROVELIS op die eerste dag van die siklus (dit is die eerste dag van u menstruasie. Indien u DROVELIS op die eerste dag van u menstruasie begin gebruik is u onmiddellik teen swangerskap beskerm.

U kan ook op dag 2 – 5 van die siklus begin, maar dan moet u bykomende voorsorgmaatreëls (byvoorbeeld om ’n kondoom te gebruik) vir die eerste 7 dae van gebruik van die tablette tref.

Oorskakeling van ’n saamgestelde hormonale voorbehoedmiddel, of saamgestelde voorbehoedende vaginale ring of plakker
U kan met DROVELIS begin, verkieslik op die dag na die laaste aktiewe tablet (die laaste tablet wat aktiewe bestanddele bevat) van u vorige pil, maar op die laatste op die dag na die tablet-vrye dae van u vorige pil klaar is (of na die laaste onaktiewe tablet van u vorige pil). Volg die raad van u dokter wanneer u vanaf ’n saamgestelde voorbehoedende vaginale ring of plakker verander.

Oorskakeling van ’n progestogeen-alleen-metode (progestogeen-alleen pil, inspuiting, inplanting of ’n progestogeen-vrystellende intra-uteriene toestel [IUT])
U mag enige dag van die progestogeen-alleen pil verander (vir ’n inplanting of ’n IUT op die dag van die verwydering daarvan, vir ’n inspuiting, wanneer dit tyd is vir die volgende inspuiting) maar in al hierdie gevalle moet u bykomende voorsorgmaatreëls (byvoorbeeld die gebruik van ’n kondoom) tref vir die eerste 7 opeenvolgende dae van tablet-inname.

Na ’n miskraam
Volg die advies van u dokter

Nadat u ’n baba gehad het
U kan DROVELIS tussen 21 en 28 dae na u ’n baba gehad het begin gebruik. Indien u later as dag 28 met gebruik begin, moet u ’n versperringsmetode (byvoorbeeld gebruik van ’n

kondoom) tydens die eerste 7 dae van gebruik van DROVELIS toepas. Indien u seks gehad het na die geboorte van u baba, voordat u DROVELIS begin gebruik, moet u eers seker maak dat u nie swanger is nie, of u moet tot u volgende menstruasie wag.

Indien u borsvoed en u wil (weer) begin om DROVELIS te gebruik na geboorte van 'n baba
Lees die afdeling oor "Borsvoeding".

Vra u dokter of apteker wat om te doen indien u nie seker wanneer om te begin nie.

Indien u meer DROVELIS gebruik as wat u moes
Daar is geen aanmeldings van ernstige nadelige gevolge vir oorgebruik van DROVELIS tablette nie. Indien u verskeie tablette gelyktydig neem, kan u naar voel of braak of bloeding vanuit die vagina hê. Selfs meisies wat nog nie begin menstrueer het nie maar per ongeluk hierdie medisyne neem, kan hierdie bloeding ervaar.

Raadpleeg u dokter of apteker in die geval van oordosering. Kontak die naaste hospitaal of gifhulpsentrum indien nie een van hulle beskikbaar is nie.

Neem hierdie voubiljet en die oorblywende DROVELIS tablette saam sodat die dokter kan weet hoeveel u geneem het.

Indien u vergeet om DROVELIS te gebruik
Die laaste 4 wit tablette van die stulpstrook is die plasebo tablette. Indien u vergeet om een van hierdie tablette te neem het dit geen invloed op die betroubaarheid van DROVELIS nie. Gooi die vergete wit plasebo tablet weg.

Indien u 'n pienk aktiewe tablet mis (tablette 1 – 24 van u stulpstrook), moet u die volgende doen:
- indien u minder as 24 ure laat is om die pienk aktiewe tablet te neem, is die beskerming teen swangerskap nie verminder nie. Neem die tablet so gou as moontlik en neem die volgende tablette weer op die gewone tyd.
- Indien u meer as 24 ure laat is om die pienk aktiewe tablet te neem, kan die beskerming teen swangerskap verminder wees. Hoe meer tablette u vergeet het, hoe groter is die risiko dat u swanger kan raak.

Die risiko van onvolledige beskerming teen swangerskap is die grootste as u vergeet om 'n pienk aktiewe tablet aan die begin of einde van die stulpstrook te neem. U moet daarom die by die volgende reëls hou (sien ook die diagram):
Meer as een tablet vergeet in hierdie stulpstrook:
Kontak u dokter.

Een pienk aktiewe tablet vergeet tussen dae 1 – 7
Neem die vergete tablet so gou as moontlik, selfs al beteken dit dat u twee tablette gelyktydig moet neem. Gaan voort om die tablette op die gewone tyd te neem en tref bykomende voorsorg, byvoorbeeld die gebruik van 'n kondoom, vir die volgende 7 dae terwyl u die tablette korrek gebruik. Indien u seks gehad het in die voorafgaande week, voor u die tablette vergeet het, moet u besef dat daar 'n risiko is dat u swanger kan wees. Kontak u dokter in daardie geval.

Een pienk aktiewe tablet vergeet tussen dae 8 – 17
Neem die vergete tablet so gou as moontlik, selfs al beteken dit dat u twee tablette gelyktydig moet neem. Gaan voort om die tablette op die gewone tyd te neem. Die beskerming teen swangerskap is nie verminder nie en u hoef nie bykomende voorsorg te tref nie.

Een pienk aktiewe tablet vergeet tussen dae 18 – 24
U kan kies tussen twee moontlikhede:

1. Neem die vergete tablet so gou as moontlik, selfs al beteken dit dat u twee tablette gelyktydig moet neem. Gaan voort om die tablette op die gewone te neem. In plaas daarvan om die wit plasebo tablette op hierdie stulpstrook te neem, gooi hulle weg en begin met die volgende stulpstrook (die begin dag sal verskillend wees).
   U sal moontlik aan die einde van die tweede stulpstrook menstrueer – terwyl u die wit plasebo tablette neem – maar u mag ligte of menstruasie-agtige bloeding tydens die tweede stulpstrook ervaar.
2. U kan ook ophou om die pienk aktiewe tablette te neem en dadelik na die wit plasebo tablette oorskakel (voor u die wit plasebo tablette neem, maak 'n aantekening van die dag waarop u die tablet vergeet het). Indien u 'n nuwe stulpstrook wil begin gebruik op die dag waarop u altyd begin, gebruik die wit plasebo tablette vir minder as 4 dae.

Indien u een van hierdie twee aanbevelings volg sal u steeds teen swangerskap beskerm wees.

Indien u enige tablette op 'n stulpstrook vergeet het, en u bloei nie tydens die plasebo dae nie, kan dit beteken dat u swanger kan wees. U moet u dokter kontak voordat u die volgende stulpstrook begin.

Skedule vir wanneer u meer as 24 ure laat is met die neem van die pienk aktiewe tablette



Meer as een vergete tablet op hierdie stulpstrook
Volg die advies van u dokter.

Indien u braak of erge diarree het

Indien u binne 3-4 ure na die neem van ’n pienk aktiewe tablet braak of erge diarree ervaar, is daar ’n risiko dat die aktiewe bestanddele in die pil nie ten volle deur u liggaam opgeneem is nie. Die situasie is amper dieselfde as om ’n tablet te vergeet. Na braking en diarree moet u so gou as moontlik nog ’n pienk aktiewe tablet van ’n reserwe stulpstrook neem. Neem dit binne 24 uur of wanneer u normaalweg u pil neem. Indien dit nie moontlik is nie, of 24 uur het verstryk, moet u die raad onder ‘Indien u vergeet om DROVELIS te gebruik’ volg.

Vertraging van menstruasie: wat u moet weet
U kan u menstruasie vertraag, al word dit nie aanbeveel nie, deur nie die wit plasebo tablette van die 4de ry te neem nie en direk na ’n nuwe stulpstrook van DROVELIS oor te gaan en dit te voltooi. U mag ligte of menstruasie-agtige bloeding tydens gebruik van die tweede stulpstrook ervaar. Voltooi die tweede stulpstrook deur die 4 wit plasebo tablette te neem. Begin dan met die volgende stulpstrook. U mag u dokter vir advies vra voor u besluit om u menstruasie te vertraag.

Indien u die eerste dag van u menstruasie wil verander
Indien u die tablette volgens die instruksies gebruik sal u menstruasie tydens die plasebo dae begin. Indien u hier dag moet verander, verminder die aantal plasebo dae – wanneer u die wit plasebo tablette neem – maar moet dit nooit vermeerder nie (4 is die maksimum). Byvoorbeeld, indien u die wit plasebo tablette op Vrydag neem en u wil dit na Dinsdag verander (3 dae vroeër) moet u ’n nuwe stulpstrook 3 dae vroeër indien normaal begin. U mag dalk nie tydens die verkorte periode van die neem van die wit plasebo tablette menstrueer nie. U mag dalk ‘n bietjie kolbloeding (’n paar bloeddruppels of vlekkies) of deurbraak-bloeding tydens die dae wanneer u die pienk aktiewe tablette neem ervaar.

Praat met u dokter of apteker indien u nie seker is oor wat om te doen nie.

Indien u die gebruik van DROVELIS staak
U kan die gebruik van DROVELIS enige tyd staak. Indien u nie swanger wil raak nie, vra eers u dokter oor ander metodes van geboortebeperking.

Indien u ophou om DROVELIS gebruik omdat u swanger wil raak is dit die beste om te wag totdat u natuurlik menstrueer voordat u probeer om swanger te raak. Dit sal u help om die verwagte geboortedatum makliker te bereken.

Raadpleeg u dokter of apteker indien u enige verdere vrae het oor die gebruik van DROVELIS.

4. Moontlike newe-effekte
DROVELIS kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir DROVELIS aangemeld is word in hierdie voubiljet ingesluit nie. Raadpleeg asseblief u gesondheidsorgverskaffer vir advies indien u algemene gesondheid verswak of u enige ongewenste effekte ervaar tydens die gebruik van DROVELIS.

’n Verhoogde risiko van bloedklonte in u are (VTE) of bloedklonte in u slagare (ATE) is teenwoordig vir alle vroue wat saamgestelde hormonale voorbehoedmiddels gebruik. Sien asseblief afdeling 2 ‘Wat u moet weet voordat u DROVELIS gebruik’ vir meer volledige inligting oor die verskillende risiko’s van die gebruik van saamgestelde hormonale voorbehoedmiddels.

Staak die gebruik van DROVELIS en lig u dokter onmiddellik in of gaan na die ongevalle afdeling by u naaste hospitaal indien enige van volgende gebeur:
- swelling van u hande, voete, enkels, gesig, lippe mond of keel, wat sluk en asemhaling bemoeilik,
- veluitslag of jeukerigheid.

Hierdie is alles baie ernstige newe-effekte. Indien u hulle ervaar, het u dalk ’n ernstige allergiese reaksie vir DROVELIS gehad het. U mag dringende mediese sorg of hospitalisasie benodig.
Lig u dokter in indien u enige van die volgende opmerk:
Newe-effekte wat algemeen voorkom:

- gemoedsversteuring, libido versteuring
- hoofpyn
- abdominale pyn, naarheid
- aknee
- borspyn, pynlike menstruasie, vaginale bloeding (gedurende of buite menstruasies, swaar ongereelde bloeding)
- wisseling in gewig

Newe-effekte wat minder algemeen voorkom:

- swaminfeksie, vaginale infeksie, urienweginfeksie
- verandering in eetlus (eetlusversteuring)
- depressie, emosionele versteuring, angsversteuring, stres, probleme om te slaap
- migraine, duiseligheid, ‘naalde-en-spelde’, lomerigheid
- warm gloede
- abdominale (buik)-swelling, braking, diarree
- haarverlies, oormatige sweet (hiperhidrose), droë vel, veluitslag, swelling van die vel
- rugpyn
- geswelde borste, knoppe in die bors, abnormale bloeding van die geslagsdele, pyn tydens gemeenskap, fibrosistiese borssiekte (teenwoordigheid van een of meer siste in ’n bors), swaar menstruasie, geen menstruasie, menstruele versteurings, pre-menstruale sindroom, kontraksies van die uterus, uterus- of vaginale bloeding insluitend kolbloeding, vaginale afskeiding, vulvovaginale versteurings (droogheid, pyn, slegte reuk, ongemak)
- moegheid, swelling van dele van u liggaam, bv. enkels (edeem), borspyn, abnormaal voel
- bloedtoetse wys verhoogde lewerensiemvlakke, verandering in sekere bloedvette (lipiede)
- inflammasie in die bors
- nie-kwaadaardige bors massa
- vloeistof retensie, verhoogde kaliumvlakke in die bloed
- senuweeagtigheid
- vergeetagtigheid
- droë oë, versteurde visie, verswakte sig
- vertigo (’n sensasie dat u of u omgewing draai of beweeg)
- hoë of lae bloeddruk, inflammasie van ’n aar met die vorming van ’n bloedklont (tromboflebitis), spataar
- hardlywigheid, droë mond, slegte spysvertering, swelling van die lippe, winderigheid, inflammasie in die derms, gastriese refluks, abnormale saamtrekking van die derms
- allergiese velreaksies, goudbruin pigmentvlekke (chloasma) en ander pigmentasie versteurings, manlike-patroon haargroei, oormatige haargroei, veltoestande soos dermatitis en jeukende dermatitis, skilfers en olierige vel (seborree) en ander versteurings van die vel
- spier- en gewrigkrampe, pyn en ongemak
- urienwegpyn, urien wat abnormaal ruik
- swangerskap wat buite die baarmoeder voorkom (ektopiese swangerskap)
- sist op die eierstokke, verhoogde spontane melkvloei, pyn van die pelvis, verkleuring van borste, bloeding tydens gemeenskap, endometriale versteurings, versteurings van die tepels, abnormale bloeding van die uterus
- malaise en algemene onwel gevoel, verhoogde liggaamstemperatuur, pyn
- verhoogde bloeddruk, verandering in bloedtoetse (abnormale nierfunksie toets,

verhoogde bloedkaliumvlakke, verhoogde bloedglukosevlakke, verminderde hemoglobien, verminderde ysterreserwes in die bloed, bloed in die urien)
- skadelike bloedklonte in ’n aar byvoorbeeld
  - in ’n been of voet (d.i. DVT)
  - in ’n long (d.i. PE)
  - hartaanval
  - beroerte
  - mini-beroerte of tydelike beroerte-agtige simptome, bekend indien tydelike iskemiese aanval (TIA)
  - bloedklonte in die lewer, maag/derms, niere of oë

  Die kans om ’n bloedklont te kry kan hoër wees indien u enige ander toestand het wat hierdie risiko verhoog (sien afdeling 2 vir meer inligting oor die toestande wat die risiko vir bloedklontvorming en die simptome van ’n bloedklont verhoog).

Indien u enige newe-effekte wat nie in hierdie voubiljet genoem word nie, opmerk, stel u dokter of apteker in kennis.

Aanmelding van newe-effekte
Raadpleeg u dokter of apteker indien u newe-effekte ervaar. U kan newe-effekte ook by SAHPRA aanmeld via die vorm “**6.04 Adverse Drug Reactions Reporting Form**”, wat aanlyn gevind kan word onder SAHPRA se publikasies: http://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8.

Deur newe-effekte aan te meld kan u help om meer inligting oor die veiligheid van DROVELIS te verskaf.

5. Hoe om DROVELIS te bêre
- Bêre teen of benede 25 °C.
- Hou die stulpstrook in die buitenste kartonboksie om dit teen lig te beskerm.
- Bêre alle medisyne buite bereik van kinders.
- Moenie ná die vervaldatum, wat of die kartonboksie gedruk is, gebruik nie.
- Neem alle ongebruikte medisyne na u apteker terug.
- Moenie ongebruikte medisyne in afvoerpype of rioolstelsels (bv. toilette) afspoel nie.

6. Inhoud van die verpakking en ander inligting
Wat DROVELIS bevat
Elke pienk aktiewe tablet bevat 3 mg drospirenoon en estetrolmonohidraat gelykstaande aan 14,2 mg estetrol.

Elke wit plasebo tablet bevat geen aktiewe bestanddele nie.

Pienk aktiewe filmbedekte tablette:
Tablet-kern:
Laktosemonohidraat, natriumstyselglikonaat, mieliestysel, povidoon K30, magnesiumstearaat (E470b).
Tablet-bedekking:
Hipromellose (E464), hidroksiepropielsellulose (E463), talk (E553b), gehidrogeneerde katoensaadolie, titaandioksied (E171), ysteroksied rooi (E172).

Wit plasebo filmbedekte tablette:
Tablet kern:
Laktose-monohidraat, mieliestysel, magnesiumstearaat (E470b).
Tablet bedekking:
Hipromellose (E464), hidroksiepropielsellulose (E463), talk (E553b), gehidronigeerde katoensaadolie, titaandioksied (E171).

PASIËNT INLIGTINGSBILJET

Hoe DROVELIS lyk en inhoud van die verpakking
Die aktiewe filmbedekte tablette is pienk, 6 mm in deursnee, rond, bikonveks met 'n druppelvormige logo op die een kant gedruk.

Die plasebo filmbedekte tablette is wit tot naaswit, 6 mm in deursnee, rond, bikonveks met 'n druppelvormige logo op die een kant gedruk.

DROVELIS kom verskaf in deurskynende PVC/aluminium stulpstroke met 28 filmbedekte tablette (24 pienk aktiewe tablette en 4 wit plasebo tablette) in 'n kartonboksie verpak. Bykomend tot die stulpstrook(e) bevat die DROVELIS kartonboksie 'n klein bêre-sakkie en 1, 3, 6, of 13 self-klewende plakker(s), gemerk met die dae van die week. Die aantal self-klewende plakkers hang van die aantal stulpstroke af.

Verpakkingsgroottes: 28 (1 × 28), 84 (3 × 28), 168 (6 × 28) en 364 (13 × 28) filmbedekte tablette.

Nie alle verpakkingsgroottes word noodwendig bemark nie.

Houer van die registrasiesertifikaat
Adcock Ingram Limited
New Road 1,
Erand Gardens,
Midrand, 1685
Kliëntediens: 0860 ADCOCK / 232625

Hierdie voubiljet is mees onlangs hersien op
30 Julie 2024

Registrasienommer
56/18.8/0933

adcock ingram
51758297 08/2024

Datum van goedkeuring: 30 Julie 2024